



The Office Of The Principal and Vice - Chancellor

**PROF MANDLA MAKHANYA, REKTOR EN VISEKANSELIER
UNIVERSITEIT VAN SUID-
AFRIKA**

**VERWELKOMING, SESSIE 2: SEMINAAR EN
BOEKBEKENDSTELLING *University of South Africa and South
African Universities in Transition: Making of an African
University: Past, Present and Future*
Senaatsaal, Unisa Muckleneuk-kampus
7 September 2018**

- Programdirekteur: Dr Somadoda Fikeni, Direkteur: Spesiale Projekte en Adviseur vir die Rektor en Visekanselier
- Prof R Viljoen, Voorsitter: Departement van Geskiedenis en Projekleier
- Prof A Manson, skrywer van die publikasie

- Prof A Bawa, ons hoofspreker vandag (*Titel: UNISA and our National Development Trajectory*)
 - Lede van Unisa se Uitvoerende en Uitgebreide Bestuur
- Ons deelnemers vanmiddag:
- Prof A Keet, Voorsitter: Ministeriële Oorsigkomitee oor Hoëronderwystransformasie
 - Prof N Baijnath, HUB: Raad op Hoër Onderwys
- Unisa-personeel
 - Unisa-studente
 - Unisa-belanghebbendes en lede van ons institusionele formasies
 - en ons Unisa-koor

Goeiedag, en welkom by hierdie tweede deel van ons seminaar en boekbekendstelling. 'n Spesiale verwelkoming aan daardie gaste en paneellede wat so pas by ons aangesluit het, en wat hul kollektiewe wysheid en insigte met ons sal deel.

In vanoggend se sessie het ons 'n verskeidenheid perspektiewe oor en insigte in Unisa se epiëse reis oor die afgelope 145 jaar gedeel, en ons het kortliks sy rol en trefkrag in Suid-Afrika oor daardie tydperk aangeroe. Ek dink ons stem almal saam dat dit werklik 'n interessante sessie was. Vanmiddag is ons fokus meer toekomsgerig wanneer ons

oor die *toekoms* nadink: Ons studente se toekoms, die rol wat Unisa sal speel om daardie toekoms te vorm en natuurlik Unisa se impak op en bydrae tot ons nasionale ontwikkeling.

Die afgelope 50 jaar plus was stormagtig in die ontvouende sage van Suid-Afrika se politieke ontwikkeling, en dit word weerspieël in die trajektorie van sy hoëronderwysstelsel. Vanaf 'n instelling wat nou verweef was met die wese van die apartheidstaat – van 1948 tot die vroeë 1990's – het Unisa aangepas en verander in 'n universiteit wat die aard van 'n gedemokratiseerde samelewing weerspieël en bevorder, en wat 'n invloedryke rol speel in die verbreding van toegang tot hoër onderwys in die sektor. Meer as een derde van Suid-Afrika se studente is tans by Unisa geregistreer, en dit blyk aan die toeneem te wees, selfs met die totstandkoming van private verskaffers. Ek het byvoorbeeld gister gelees dat Stadio nou 29 000 studente het wat hul “multiversiteit-konsep” volg deur sowel kontak- as afstandsonderrig aan te bied in 'n verskeidenheid bestaande en beplande kursusse wat strek van modeontwerp tot ingenieurswese, en van uitvoerende kunste tot handel.

Ons reis word egter gekenmerk deur die voortgesette stryd om die akademiese inhoud van ons kursusse te transformeer en ons openbare beeld en persona te heroriënteer om die behoeftes en realiteite van Suid-Afrika en die Afrika-kontinent in die geheel te akkommodeer. Dit

verseker dat Unisa uniek bly, sowel in karakter as ons aanbiedinge, en ons behoort munt daaruit te slaan. Ons het 'n stewig gevestigde voetspoor op die Afrika-kontinent en in die buiteland, en 'n handelsnaam wat wêreldwyd herken en erken word. Ons moet meer gefokus munt daaruit slaan.

Enigiemand wat nalees oor Unisa se geskiedenis oor die afgelope eeu kan nie anders as om getref te word deur die kompleksiteit van hierdie mega-instelling en sy gereelde ongemaklike en omstrede rol in die staat en hoër onderwys in Suid-Afrika nie. Soos die meeste instellings met 'n lang geskiedenis is Unisa gevorm deur die goeie en die slegte. Ironies genoeg, terwyl ongemaklike erflatings steeds verlangde vlakke van snel transformasie belemmer, bied dit desnieteenstaande 'n skyn van stabiliteit wat die akkretiewe groei van die instelling fasiliteer.

Unisa is ongetwyfeld Afrika se ikoniese afstandsonderrig-universiteit. Hoe sal ons sy voortgesette groei en invloedryke bydrae tot ons nasionale ontwikkeling verseker? Ons ken almal die gesegde: *Diegene wat nie uit die geskiedenis leer nie, is gedoem om dit te herhaal*. Ons reis was nog nooit maklik nie, en sal nooit wees nie. Die sogenaamde vierde Nywerheidsrevolusie met sy massiewe potensiaal vir nasionale ontwikkeling – veral deur middel van OAeL – verplig ons om enkele netelige uitdagings te hanteer: met betrekking tot transformasie,

samewerking en die verkryging van die soort vermoë wat ons nodig het om te verseker dat ons relevant en effektief bly en dat ons gegradueerdes as kritiese en verantwoordelike globale burgers uitgeken kan word. Hierdie amptelike geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika bied 'n stewige platform en opsomming van lesse wat geleer is, waarop toekomstige narratiewe rakende Unisa saamgestel kan word namate ons 'n toenemend kritieke en komplekse tydperk in die ontwikkeling van hoër onderwys in Suid-Afrika binnegaan.

Dit is iets wat ons hoofspreeker vanmiddag, professor Ahmed Bawa, na aan die hart lê. Professor Bawa is die huidige uitvoerende hoof van Universiteite Suid-Afrika, die organisasie wat al 26 openbare universiteite in Suid-Afrika verteenwoordig. Universiteite Suid-Afrika ontwikkel beleid, raak betrokke by beleidsinisiatiewe van die staat en voldoen aan die bepleitingsbehoefte van die sektor. Professor Bawa was voorheen die Visekanselier en Rektor by DUT; Medeprovoos, Hunter Kollege, City University of New York; en Adjunkvisekanselier aan die Universiteit van KwaZulu-Natal, onder baie ander belangrike posisies. Hy het 'n PhD van Durham Universiteit op die gebied van teoretiese fisika. En natuurlik, soos so baie van Suid-Afrika se sosiale en politieke "elite", is prof Bawa 'n Unisa-alumnus. Hy het in 1982 sy BSc (met hoofvakke wiskunde en fisika) behaal. Prof Bawa was 'n studentaktivis. Interessant genoeg onthou hy dat 'n dosent met die

van Verwoerd vir hom klasgegee het. Vir die historici onder ons kan dit die moeite werd wees om in die geskiedenis te delf om uit te vind of die dosent inderdaad familie was van Dr Verwoerd wat bantoeonderwys ontwikkel het. Indien wel, dra dit by tot die rykheid, kompleksiteit en teenstrydige aard van ons fantastiese universiteit!

Prof Bawa, u is baie welkom. Hierdie kort inleiding laat nie reg geskied aan u enorme en indrukwekkende bydrae tot hoër onderwys in Suid-Afrika nie, maar dit bied wel 'n blik op en bevestiging van u verbintenis tot hoër onderwys, soos u weer vanmiddag demonstreer. Ons sien uit daarna om te hoor wat u met ons gaan deel.